# *VERANDER GOD SY GEDAGTE?*

. . . God. Laat ons bly staan met ons hoofde gebuig, net 'n oomblik.

Hemelse Vader, ons dank U vir elke genade wat U vir ons gegee het. Ons is nie enige van—van U seëninge waardig nie. Hierdie is beslis onverdiende seëninge wat ons ontvang. En ons bid, God, dat U sal voortgaan om met ons te wees. Deur net in te stap en hierdie wonderlike gees in die diens te voel, weet ek dit kom van U af. So ek bid, Vader, dat U die diens sal bly vereer vanaand, met U Teenwoordigheid, en al die siekes en beproefdes sal genees. Skenk dit. Mag hierdie 'n—'n groot aand wees wat ons nie gou sal vergeet, as gevolg van U Teenwoordigheid nie. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

2 Ek wil verskoning vra vir so laat hou gisteraand. Ek sal probeer vinniger wees vanaand, en sodat ons net kan opskud en—en bid vir die siekes. Ek het beslis goed gevoel oor gisteraand se diens. Hulle het gelyk asof daar baie mense was wat genees is. En ek het baie ondersteuning gehad, almal wat bid, en saam. Dis hoe ons staan. So, die Here seën julle. Nou, ek dink, môre-aand moet ons wees . . . Ek reken hulle het dit alreeds aangekondig. Dis 'n ander—'n ander plek. Goed.

3 Nou laat ons blaai in die Boek van Númeri, die 22ste hoofstuk, sommer gou, vir net 'n teksie, om 'n paar opmerkings te maak, en dan gaan ons die meeste van die tyd in die gebedsry sit.

4 Billy het gesê hy het enorme hoeveelhede kaarte uitgegee, twee- of driehonderd van hulle. En dit sal 'n hele rukkie neem om hulle deur die gebedsry te kry, so ek—ek wil net vir 'n paar minute praat, nie meer as dertig minute, indien moontlik nie, en dan die gebedsry begin, bid vir die siekes. In Deuteronómium, in . . . Verskoon my.

5 Númeri, 22ste hoofstuk en die 31ste vers, wil ek dit lees.

> *Toe open die HERE die oë van Bileam, sodat hy die engel van die HERE in die pad sien staan, met Sy ontblote swaard in Sy hand, en hy het gebuig en op sy aangesig neergeval.*

6 Nou dit mag soos 'n kru teksie klink om—om te staan en ons genesingsdiens te hê. En ek gaan probeer om die gebedsry te begin om nege-uur, indien moontlik. Nou ek wil die onderwerp vanaand neem: *Verander God Sy Gedagte?*

7 Julle weet, ons kan ons gedagte verander, en omdat ons—ons 'n bietjie anders leer, weet ons ons was verkeerd.

8 Maar ek glo nie God kan Sy gedagte verander nie. Want, as Hy dit doen, dan kan Hy beslis nie oneindig wees nie, en Hy kon 'n beter besluit neem as Hy dit sou verander. So Hy . . . Die geloof wat ek in Hom het, dat—dat Hy nie Sy gedagte verander nie. Want as God ooit 'n besluit neem, moet Hy by daardie besluit bly. Sien? En elke keer wat dieselfde probleem voorkom, moet Hy op dieselfde manier optree wat Hy die eerste keer het, of Hy het verkeerd opgetree in die eerste keer. Sien? So dit gee ons iewers om 'n—'n basiese geloof te hê. Nou ons kan nie . . .

9 Ja, geloof is nie net 'n los blaar iets, wat jy dit *hiernatoe* en êrens anders heen kan vlieg nie. Dis iets wat seker moet wees. Dit moet stabiel wees. En, nou, ek kan nie my geloof baseer op een of ander teorie nie. Dit moet 'n bewese feit wees, voordat ek geloof kan hê.

10 Net soos 'n man wat 'n vrou kies, om mee te trou. Wel, hy, hy moet geloof hê in daardie vrou met wie hy trou, of hy stel homself beslis op vir baie probleme. Sien? So hy moet, jy moet geloof hê, een of ander soliede feite, een of ander geloof om dit op te baseer; op haar woord, op wat iemand anders gesê het, of iets. Hy moet iets hê om sy gesig, geloof op te plaas.

11 So ek voel dat, om God te ontmoet, is daar net een ding waarop ek my geloof kan plaas en dis Sy Woord.

12 Want, ons het verskillende idees, omtrent almal van ons. Ons gaan sit en gaan selfs praat oor iets om te eet, wel, ons sou verskil oor iets om te eet; en ons is verskillend gemaak, ons aptyte verskil. En daarom maak dit ons kerke, ons sien hulle verskil in hulle idees van wat reg en wat verkeerd is. Dit gee ons, elkeen, 'n voorreg om 'n keuse te maak.

13 Maar, vir my, ek—ek glo dat die Woord van God reg is. En ek—ek glo nie dis vir enige privaat uitleg nie. Ek glo dis net wat Dit sê, dis die Waarheid. En dis hoe ek dit neem, net op wat Dit sê as die Woord van God. Nou, ek het nie genoeg geloof, miskien, om dit alles te laat geskied nie, maar ek wil beslis nie in die pad van iemand staan wat wel genoeg geloof het om Dit te laat geskied nie.

14 Soos, byvoorbeeld, Henog het genoeg geloof gehad dat hy nie hoef te gesterf het nie. Hy het net 'n middag-wandeling geneem, en net moeg geraak hier op die aarde en net aangestap bo na die Hemel toe. Ek sou beslis geloof soos daardie wou hê. Maar ek hoop dat ons daardie geloof eendag sal kry, soos ons aangroei in Hom in. Nou ons . . .

15 Die rede waarom ek hierdie plek gekies het, want dit lyk asof hier, vir my, een van die plekke in die Bybel is wat 'n—'n kritiese plek sou wees vir die teks vanaand, want dit lyk asof God Sy gedagte verander het, en vir Bileam een ding gesê het

om te doen, en toe vir hom gesê het om iets anders te doen. So ek het gedink, miskien, net vir 'n oomblik, sal ons dit probeer uitklaar net 'n bietjie, en kyk wat Hy regtig vir hom gesê het.

16 So nou om dit te omskryf. Ons weet dat Bileam 'n—'n—'n profeet was. En Balak was die koning van Moab, in die tyd. En hulle was nie ongelowiges, bo by Moab nie, hulle het dieselfde God gedien wat Israel gedien het. Want, Moab, die volk is gestig deur Lot se seun, deur sy dogter, en so het hulle dieselfde God gedien. As julle oplet, hulle offerhandes en alles was net presies dieselfde, jong osse, en ook die ramme, wat spreek van die tweede Koms. En nou as fundamentalisme al is wat God vereis, dan was Moab net so fundamenteel in sy offerhande as wat Israel was. Maar ons vind hulle nou, Israel is in die lyn van die volg van die Woord van God, na 'n land wat vir hulle belowe is. En hulle kom . . .

17 Hier sou 'n tipe wees van die natuurlike en geestelike, wat ontmoet. En wanneer die natuurlike en geestelike ontmoet, is daar altyd 'n botsing, want hulle hardloop tromp-op teen mekaar vas. En Israel hier, sou, ek wil dit voorstel as 'n geestelike Kerk; en Moab as die natuurlike kerk, net die kerk, wat ons noem, natuurlike kerk.

18 En ons is almal seker dat daar 'n—'n kerk is, en daar is 'n Bruid wat uit daardie kerk uitkom. Ons weet dit, dat dit waar is.

19 En hulle bots hier. En ons let op dat toe hulle hier gebots het, het dit onder iets gekom waaroor ek 'n oomblik wil praat. Sodra hulle gebots het, en een gesien het wat die ander een gedoen het, was daar 'n groot nabootsing, die een van die ander.

20 En dis waar ons dit vandag vind, dat ons te veel nabootsings kry. En wanneer jy dit doen, is jy altyd in die moeilikheid. Jy kan nie die ander kêrel se lewe lei nie. Ons kan nie iets naboots nie. Ons moet net wees wat ons is. Jy moet dit (nooit) probeer nie. As *hierdie* kêrel iets doen; omdat hy dit doen, dink jy, jy moet ook. Jy doen dit nie. Jy's 'n indiwidu, voor God. En ons moenie probeer om mekaar na te boots nie.

21 En nou, Israel, reg in die lyn van plig, wat masjeer op hulle pad na 'n opdrag, volgens 'n opdrag van God, na 'n beloofde land, het hulle gebots met Moab, 'n ander groep gelowiges.

22 En ek hoop nie dit klink te sleg nie. Maar die illustrasietjie wat ek hier wil maak is, Moab wat gevestig was in 'n land, hy was meer soos 'n georganiseerde affêre. Hy het sy beroemdes gehad, en sy hooggeplaastes van die . . . van sy koninkryk.

23 Maar Israel was net 'n—'n swerwer. Hulle het geen bepaalde plek gehad waarheen hulle gegaan het nie. Hulle het net geswerf soos die Here hulle gelei het. Nou, ek glo, ook,

Bileam het, later in sy profesie, gesê: "Die volk sou nie onder die nasies wees nie. Dit sou net verstrooi word." En dis wat dit altyd was. En ons vind uit, die botsing het gekom.

24 Net soos Kain en Abel, hulle het ook bymekaar gekom in 'n botsing. En hulle, as broers, en albei van hulle uit dieselfde ma, Eva. En ons vind uit dat hulle besef het dat hulle sterflik is, en hulle uit die Lewe gesit is, uit die tuin van die Lewe. En hulle het albei 'n weg probeer vind om terug te kom Daarin. En as julle opgelet het, albei seuns was baie godsdienstig. Kain was net so godsdienstig as wat Abel was. En hulle het albei altare gebou, andersins, 'n kerk. Hulle het albei offerhandes gebring. Hulle het albei gebid. En hulle—hulle het God gedien, albei van hulle, maar een van hulle het Hom verkeerd gedien.

25 Nou, julle sien, jy kan tog so opreg wees, en tog verkeerd. Jy kan verkeerd wees. "Daar is 'n weg wat reg lyk, maar die einde daarvan is die weë van die dood."

26 Nou ons—ons sien dat dit so waar was met Kain en Abel. En toe hulle gesien het . . . Kain het gesien dat Abel se offerhande aanvaar is. En, ek mag hier stop en sê, waarom het God sy offer aanvaar? Is omdat—dat hy was . . . Deur 'n openbaring, het hy verstaan dat dit nie appels was nie, of ek glo nou het hulle dit die granate of iets wat hulle geëet het in die tuin van Eden, wat sonde veroorsaak het. En hy het Adam gevind . . . of, ek bedoel, Abel het geglo dat dit (hy) dit bloed was. Wat, dit regtig was. En Abel, deur openbaring, geloof, het aan God 'n beter offer gebring as dié van Kain; wat God daarvan getuig het, dat hy regverdig was. Sien? En die hele Kerk is gebou op 'n Goddelike openbaring van die Woord van God. Die hele . . .

27 Jesus het so gesê. Eendag, aan die afkom by die berg, het Hy vir Sy dissipels gesê: "Wie sê julle wie is Ek, die Seun van die mens? Of wie sê die mense is Ek?"

28 "En party van hulle het gesê, wel, U is 'Moses,' U is 'Elía,' of 'een van die profete.'"

Hy het gesê: "Maar wie sê julle wie is Ek?"

29 En Petrus het daardie groot stelling gemaak: "U is die Christus, die Seun van die lewende God!"

30 Hy het gesê: "Geseënd is jy, Simon, seun van Jona." En hier is die groot argument onder gelowiges.

31 Nou die Katolieke kerk sê dat: "Daar het Hy—Hy Sy Kerk op Petrus gebou, want Hy het gesê: 'Jy is Petrus,' rotsie: 'op hierdie rots, rotsie, sal Ek My Kerk bou.'"

32 Wel, nou, die Protestante glo meestal dat dit op Homself is wat Hy gebou het, op Hom, die Hoeksteen. Maar, julle sien, Hy was die Hoeksteen van die gebou. Ek glo dat Hy die Kerk gebou het op . . .

33 Nou, nie om anders te wees nie, maar, julle sien, die vraag was: "Wie sê die mense is Ek?"

34 En Petrus het gesê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

35 Hy het gesê: "Geseënd is jy, Simon, seun van Jona, vlees en bloed het dit nooit aan jou geopenbaar nie. Jy het dit nooit geleer deur na 'n kweekskool te gaan nie. Sien, jy het dit nooit geleer deur een of ander mensgemaakte affêre nie. Maar My Vader, wat in die Hemel is, het dit aan jou openbaar. Sien? Op hierdie Rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk kan nie Daarteen standhou nie," die geestelike openbaring van Jesus Christus, Wie die Woord is. Dan sou dit die geestelike geopenbaarde waarheid van die Woord wees, is presies waar die Kerk rus.

36 Ek dink dis wat Abel gehad het aan die begin, 'n geestelike openbaring dat dit nie die vrugte van die veld of die werke van ons hande was, of sovoorts nie. Dit was bloed. En hy het aan God 'n beter offer gebring as—as wat Kain het.

37 Ons vind in Abraham en Lot, dieselfde ding, in 'n keuse, want Lot het afgegaan, toe die tyd aangebreek het, toe die geestelike en die—en die natuurlike kerk gebots het, as gevolg van die veewagters. Hulle moes skei van mekaar. En wanneer dit ook al gebeur, laat dit 'n jaloesie ontstaan.

38 Ons vind uit dat Abel, omdat God hom ontvang het, en hy nie Kain se pragtige groot offer, waarvoor hy so hard gewerk het, aanvaar het nie. En was godsdienstig, en het gekniel en aanbid, ensovoorts, alles gedoen wat Abel het, behalwe hy het nie die openbaring gehad van wat die waarheid was nie. So ons vind uit, dat toe God Abel se openbaring en sy offer aanvaar het, dit Kain jaloers gemaak het op Abel. En daar was die eerste moord.

39 Ons vind uit dat jaloesie onder die veewagters van Abraham en Lot ontstaan het, en hulle moes skei.

Ons vind uit dat Moses en Korag, ook, 'n botsing gehad het.

Jesus en Judas het 'n botsing gehad.

40 En soos altyd, was dit dieselfde ding, en so is dit vandag, die natuurlike kerk en die geestelike kerk, het 'n botsing wanneer hulle bymekaar kom. Nou, die natuurlike probeer die geestelike ewenaar, altyd met 'n vleeslike nabootsing. Maar, soos dit was met Esau en Jakob, sal dit nie werk nie.

41 God het Sy Kerk geroep, vernoem, opsy gesit. En in die eeu waarin Sy lewe, sal Hy Homself aan Haar openbaar, elke keer, net soos Hy gesê het in Romeine die 8ste hoofstuk, dat die voorkennis of uitverkiesing van God seker kan wees. Kain, of ek bedoel . . .

42 Esau en Jakob, voor enige seun gebore is, voordat hulle selfs 'n kans gehad het om 'n keuse te maak, het God gesê: "Ek haat Esau en het Jakob lief," want Hy het geweet wat in hulle was, van die begin af. En ons weet . . .

43 Hou dit in gedagte, Hy weet wat in jou hart is. Hy weet wat jy bedoel. Maak nie saak wat jy sê nie, Hy weet wat jy bedoel.

44 En dit het altyd probleme veroorsaak. En hulle, die . . . altyd, probeer die natuurlike altyd, vandat Kain Abel uitgewis het, het die natuurlike altyd probeer om die effekte van die geestelike te vernietig. Ons vind dit dieselfde ding vandag, presies dieselfde ding vandag. Dit bewys dat dit van Satan af kom, want dis jaloesie en nabootsing van die Waarheid.

45 So, ons glo regtig dat God nooit Sy gedagte verander oor wat Hy gesê het nie. Hy hou Dit altyd waar.

46 Maar Hy het 'n toelaatbare wil. Nou, daar, waar die probleem lê. Ons probeer werk op God se toelaatbare wil, en Hy sal dit toelaat. Maar ook as ons sy toelaatbare wil neem, hoewel dit nie reg is nie, sal Hy Sy toelaatbare wil laat uitwerk, tesame, om Sy volmaakte wil te verheerlik.

47 Daar is niks wat sal verkeerd gaan, met God nie. Ons is . . . Hy weet net waar die horlosie tik, vanaand. Daar's niks verkeerd nie. Elke slag slaan net presies soos dit moet, alles. Ons dink dis verkeerd, maar Hy weet dis reg. Dis veronderstel om so te wees.

48 Soos aan die begin, het God net toegelaat dat sonde kom. Hy het nie, nie . . . Dit was nie Sy volmaakte wil nie.

49 Maar, julle sien, God, die groot Gees, die Vader, in Hom was eienskappe, en hierdie dinge wat julle nou sien vertoon word, is net Sy eienskappe wat vertoon word. Hy het alleen gewoon, Hy was nie eens God nie; God was 'n voorwerp van aanbidding. Hy was die Groot Ewige. En in Hom was eienskappe, soos om Vader te wees, om Verlosser te wees, om Geneesheer te wees. En nou, hoe kon Hy eers . . . Hy moes Vader wees, omdat dit bewys Hy was Vader, maar Hy woon alleen. Hy alleen is onsterflik. En, nou, maar Sy eienskappe moes vertoon word.

50 Nou, om 'n Verlosser te wees, moet daar iets verlore wees. En God kan nie opsetlik enigiets verloor en dit dan verlos nie. Dit sou nie pas by Sy heiligheid en Sy groot oordeel nie. Maar Hy het die mens op 'n vrye morele agentskap geplaas, in die wete dat die mens sou val. En daarin, dan, het Hy mens geword, Self, om die mens te verlos wat geval het. Dis waarom Jesus Emmanuel was. As God 'n ander persoon behalwe Homself gestuur het, sou dit nie regverdig wees nie. God moes Self kom en plek neem. En God kon nie in Gees afkom en plek neem nie, Hy moes vleesgemaak word, in die vlees van Sy Eie geskepte Seun.

51 En Hy het hier gewys, aan die begin, dat Sy volmaakte wil was om 'n mens te skep uit die stof van die aarde. Maar, julle sien, Hy het seks toegelaat om ingebring te word. Hy het nooit bedoel dat kinders gebore moet word uit seks nie, maar dis toegelaat, wat binnekort sal wegsterf.

52 Nou ons vind uit dat Moab 'n buite-egtelike was, om—om mee te begin, want dit was Lot se seun, by sy eie dogter. Nou let op, as die natuurlike kerk, het Moab voor-. . . die—die natuurlike kerk voorgestel, Moab het. En Israel, die geestelike kerk, nou, Israel, die bruid, was die. . . het die uitgeroeptes voorgestel.

53 Die Kerk Self, die woord *kerk* beteken "uitgeroepte, uitkom," hulle wat uitgekom het. "Kom uit haar uit, My volk! Wees afgesonder, sê die Here, en Ek sal julle vir Myself ontvang. Raak hulle onrein dinge nie aan nie." Die Kerk van God is uitgeroep uit die wêreld, uit die chaos van die wêreld. Jy is nie meer van die wêreld nie.

54 Soos ek probeer sê het, nou die aand, aan julle, dis wanneer julle weet dat julle die onderpand van julle—van julle Ewige verlossing net nou in julle het, deur die doop van die Heilige Gees, dit het julle alreeds lewendig gemaak. Julle het nou opgestaan saam met Hom, en ons sit saam in Hemelse plekke, in Christus Jesus. Sien, julle is nie meer van die wêreld nie. As julle die wêreld liefhet, en julle begeertes is steeds vir die dinge van die wêreld, dan is die liefde van God nie eens in julle nie. Sien? Ons is van, vry van die wêreld. Daar is geen begeerte meer nie.

55 In die Hebreërs, ek glo die 10de hoofstuk, het gesê: "Daar was 'n voortdurende herinnering aan sonde, elke jaar, wat daardie diere se liggaam geoffer is. Maar in hierdie geval, het die aanbidder wat eenmaal gereinig is, geen gewete van sonde meer nie, geen begeerte om te sondig nie." Die hele ding is weg van jou af, omdat jy verlewendig is tot 'n nuwe Lewe.

56 En dan is die natuurlike kerk net 'n klomp mense in die denominasies, wat aangesluit het. Dis nie meer. . . Ek noem dit nie eens meer "kerk" nie. Ek hou nie daarvan om daarna te verwys nie. Ek hou daarvan om daarna te verwys as 'n "losie," Metodiste losie, Baptiste losie, Pinksterlosie.

57 Maar die Kerk is die wedergeborenes wat in Christus Jesus is, wat nuwe skepsels is. En so sien ons dit steeds, dat God Sy Woord hou.

58 Nou Moab het gesien, Moab het afgekyk op die veld, en God onder Sy volk sien beweeg, wat nie eens 'n georganiseerde volk was nie. Hulle het net rondgedryf, van plek na plek. Maar die vreemde ding, dat, hulle het hierdie volke teëgekom, en hulle het hulle ingeneem. Alles wat in hulle pad was, hulle het hulle ingeneem. Nou, hulle het uitgevind, Moab wat daarna

gekyk het. Balak, hy het afgekyk na die volk van Israel, en hy het gesê: "Die volk oordek die hele aangesig van die aarde." Hy het gesê: "En hulle lek die volke op, net soos 'n os gras oplek."

59 En hulle het uitgevind, een van die groot redes was, dat, hoe hulle hierdie groot openbaring gekry het, daar was 'n profeet onder hulle. Hulle het 'n profeet gehad, nou, iemand wat hulle gelei het. Dit was nie 'n mensgemaakte stelsel soos waaraan hy gewoond was nie, sy—sy afgevaardigdes saam met hom, ensovoorts, maar dit en sy hooggeplaastes. Maar hulle het 'n—'n leier gehad, 'n God-geroepe leier.

60 En, o, watter droewige dag was dit, toe die kerkwêreld die Goddelike leierskap van die Heilige Gees verlaat het, en 'n biskop of enigiets anders Sy plek laat inneem het. Dit was 'n droewige dag. Die Heilige Gees moet die leier van die kerk wees. Hy word gestuur om die Woorde van Jesus Christus te bevestig, die kerk te laat lewe soos dit gelewe het aan die begin.

61 Nie lank gelede nie, 'n baie beroemde skool hier in—in hierdie stad, 'n kweekskool. En hulle het een in Phoenix. En een van die manne, of 'n paar van die studente, was, het oorgekom na my toe en gesê: "Ons hou van jou, Broer Branham. Ons het glad nie enigiets teen jou nie, maar ons wil jou net graag korrigeer."

62 En ek het gesê: "Wel, ek wil beslis gekorrigeer word." So, en so het ek gesê: "As ek verkeerd is, ek wil beslis nie verkeerd wees nie; ek praat met te veel mense."

63 En hy het gese: "Wel, hier is jou probleem." Gesê: "Jy probeer voorstel, of om weer te laat lewe, 'n apostoliese godsdiens. Wanneer, die apostoliese godsdiens opgehou het met die apostels."

En ek het gesê: "Ja, meneer." Ek het gesê: "Wel, nou as . . . "

Hy het gesê: "Nou, ek sal dit nie debateer met jou nie."

64 Ek het gesê: "Ek sal ook nie. Ons doen dit nie. Ons is nie veronderstel om dit te doen nie. Ons is broers."

En hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "ek wil jou net graag help."

Ek het gesê: "Ek is beslis gewillig om hulp te kry."

En hy het gesê: "Nou, jy sien," het hy gesê: "nou die . . . dis waar."

65 En ek het gesê: "Nou, hierdie gesprek, moet ons nie teksboeke gebruik nie." Ek het gesê: "Ek sal myne nie gebruik nie," en ek het geen gehad behalwe *Hierdie* een nie. Maar so—so het ek gesê: "Ek sal nie teksboek gebruik nie, net die Bybel. En, jy, ons gebruik net die Bybel."

Hy het gesê: "Goed."

66 Ek het gesê: "Nou, ons glo dat die apostoliese kerk begin het by die Pinksterdag. Stem jy daarmee saam?"

Hy het gesê: "Ja, ek stem saam."

67 Ek het gesê: "Nou ons besef dat God die kerk mag gegee het daar, vir hierdie apostoliese bewegings."

68 Hy het gesê: "Ja, dit was die raamwerk van die Kerk. Nou is die Kerk alreeds in orde geplaas, en ons het al ons pastore, en ons groot organisasies en dinge. Ons het nie meer daardie dinge nodig, om mense te trek nie."

69 Ek het gesê: "Nou waar sê die Bybel dit?" Ek het gesê: "Sê jy vir my waar die Bybel dit sê." Sien?

En hy het gesê: "Wel, dit sê dit nie presies op daardie manier nie."

70 Ek het gesê: "Wel, dan, kan ek dit nie ontvang as dit dit nie net op daardie manier sê nie, sien. Sien?" Ek het gesê: "Ons is . . ." Ek het gesê: "Dis hoe dit moet wees." Ek het gesê: "Glo jy dat God steeds mense roep?"

Hy het gesê: "Ja, meneer."

71 Ek het gesê: "Nou sal jy glo dat die Bybel reg is, elke antwoord?"

"Ja."

72 Ek het gesê: "Nou, die segsman by die Pinksterdag, was Petrus, wat die sleutels van die Koninkryk gehad het."

"Dis reg."

73 En ek het gesê: "Nou, wat ook al sy besluit was, Jesus het gesê: 'Wat jy bind op die aarde, sal Ek bind in die Hemel; wat jy losmaak op die aarde, sal Ek losmaak in die Hemel.'"

Hy het gesê: "Ek sal dit glo."

74 Ek het gesê: "Nou, in Handelinge die 2de hoofstuk en die 38ste vers, het Petrus gesê vir daardie mense wat verstom was. Daardie mense wat in onbekende tale gepraat het. En hulle het vir hom gevra wat hulle kon doen om gered te word, en hy het vir hulle gesê: 'Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot vergifnis van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang; want die belofte is aan julle, en aan julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep.' Nou as God steeds roep, is daardie selfde belofte vir hulle."

75 Wel, hy het hiernatoe gekom en was een van Billy Graham se groepe hierbo wat gebid het vir 'n diens. En 'n groep van hulle het hierbo in Kalifornië gesit, 'n paar weke gelede, in ware diepe opregte gebed, toegewy aan God, gevas, en die Heilige Gees het op die hele klomp geval en met ander tale begin praat. En . . . Uh-huh.

76 Nou is hy ’n lidmaat van die—van die Vriendelike kerk, die Gemeentes van God in Tucson, Arizona. Hy het gesê: “O, Broer Branham, ek het daar opgestaan en so goed gevoel!” Gesê: “Net my hande opgesteek, en,” gesê: “die heerlikheid van God! Ek sing net!” En gesê: “Ek kon dit nooit doen in ’n Nuwe Testament Baptiste kerk nie.”

Ek het gesê: “Ek sien jy kan nie. Dis waarom jy uit is.” Ja.

77 So daar het julle dit, sien, God hou Sy Woord. Wat Hy sê, sal Hy doen. God moet Sy Woord hou.

78 Nou ons vind hier uit, dat, hierdie vreeslike nabootsing wat Moab gehad het. Hy het hierdie profeet onder Israel gesien, wat in staat was om te seën, vervloek, lei, ensovoorts, so hy het dit probeer ewenaar, deur politiek.

79 Nou dis net wat plaasgevind het in die kerke vandag. Hulle het dit probeer ewenaar met een of ander soort stelsel. Jy kan dit nie doen nie.

80 Die Heilige Gees moet lewendig wees in die Kerk, altyd, wat die Kerk lei in die uur waarin Dit lewe, om die Woord te bevestig wat belowe is vir daardie eeu. God het die Woord gespreek, van die begin af, en soveel vir *hierdie* eeu, en soveel vir *daardie* eeu, en sekere vir *daardie* eeu. Dit het altyd so gebeur. En, sien, en die Heilige Gees moet lewendig wees in die Kerk, om hierdie Kerk Sy dag te laat leef. Dit moet hier wees vandag, om hierdie laaste-dag bediening te bevestig, laaste-dag tekens, laaste-dag uitstorting van die Heilige Gees. En dit moet net hier wees om dit te doen, en jy kan dit nie kry deur die werk van stelsels nie. God het ’n stelsel. Hy is die Een Wie vir ons die Heilige Gees gegee het.

81 Nou, ons let hier op dat Moses ’n Koning gehad het, en daardie Koning was God, wat hom gesalf het. En Bileam was ook onder ’n koning, Balak. En dit was meer soos ’n politiese stelsel, sien, Balak. Bileam, ’n profeet van God, hy het na Balak gegaan vir sy inligting. Moses het na God gegaan vir sy inligting. Daar was die verskil.

82 Tog, was albei van hulle profete, want hulle was altwee geroep deur God; albei het God ontmoet, albei het met God gepraat, en albei Gees-vervuld. Nou kom dit tuis, sien. Nou, hulle was albei Gees-vervulde manne. Nou, dis waar. Die Bybel het gesê dat: “God Bileam ontmoet het en met hom gepraat het.” Sien?

83 So ons let op, elkeen van hierdie profete, albei van hulle wat profete was, manne van God, hulle het hulle hoofskap gevolg. Moses het God gevolg. En Bileam het hier vir Balak gevolg.

84 Let hier op, deur die geestelike en natuurlike te tipeer, hoe volmaak dit was. Moses, gestuur deur God, in 'n lyn van plig, word ontmoet en uitgedaag deur nog 'n man van God. Kan julle julle so-iets voorstel?

85 Maar kyk watter stelsel hulle daarbo gehad het. Dit was 'n georganiseerde volk.

86 En Moses het die kinders van Israel gelei, net soos God vir hulle sou sê waarnatoe om te gaan, gelei deur 'n Vuurkolom, en 'n bonatuurlike Wese wat vooruit gegaan het. En Moses het sy inligting gekry deur die—die Logos, natuurlik, wat uit God uitgegaan het, daardie Vuurkolom; wat die Engel van die Verbond was, wat Christus was, die Gesalfde. En hy het sy boodskap gekry Daardeur, en dit aan die kinders van Israel gegee, op die pad na 'n beloofde land.

87 Maar hierdie man was heeltemal gevestig, en hy het sy koninkryk gehad. Hy het sy kerke gehad. Hy het alles daar net in orde gehad. So hy stuur oorkant toe om hierdie man te kry, om te kom en hierdie volk te vervloek. En let op, kan julle julle voorstel, dat een profeet, een man van God, wat die werke van God by 'n ander man sien, en probeer om—om daardie werke van God uit te daag, wat hy geweet het, beter moes geweet het. Nou Bileam, eerstens toe. . . Balak het vir hom gestuur en vir hom gesê: "Kom oor en vervloek hierdie volk." Nou Balak het dieselfde ding gedoen, of. . .

88 Bileam, liewer, het die ding gedoen wat reg was, hy het God geraadpleeg. Hy het God geraadpleeg, eerste. Nou, dis wat hy moes gedoen het.

89 En toe het God hom sy volmaakte, duidelike antwoord gegee: "Moenie saam met hom gaan nie! Los hulle uit. Moet jy nie daardie volk vervloek nie. Hulle is geseënd." Nou, dit behoort genoeg te gewees het. Wanneer God enigiets sê, kan Hy dit nie verander nie. Let op, Sy volmaakte wil was: "Moenie gaan nie! Moenie daardie volk aanval nie. Hulle is My volk." Dit was Sy volmaakte wil.

90 Maar Bileam het nie van daardie volk gehou, om mee te begin nie. Sien, daar het julle dit. Hoeveel Bileams het ons nie vandag nie? Dieselfde ding, selfde ding! Hulle weet beter.

91 Hulle het hulle gehad in die dae van ons Here Jesus. Nikodémus het gekom en gesê: "Rabbi, ons weet U is 'n man wat van God gestuur is, of 'n—of 'n leraar van God gestuur. Geen mens kan die dinge doen wat U doen, behalwe as God met hom was nie." Sien, hulle het geweet. Daar was weer 'n Bileam, sien.

92 Nou, Bileam het nie van die volk gehou nie. Let op sy hoofkwartiere. Nadat hulle 'n paar goeie manne soontoe

gestuur het, om vir hom te sê: "Nou daar kom 'n paar mense hiernatoe. En ek verstaan dat jy 'n profeet is, jy's 'n groot man, so kom jy hiernatoe en vervloek hierdie volk."

93 Bileam het gesê: "Nou, wag net 'n oomblik, totdat ek ingaan en bid, en heelnag bly, miskien sal die Here my ontmoet en sal Hy vir my sê." Goed, die volgende oggend, het die Here hom ontmoet en gesê: "Moenie gaan nie! Moenie daardie volk vervloek nie. Hulle is geseënd."

94 Goed, Bileam het uitgegaan en gesê: "Wel, ek kan nie gaan nie, want die Here het vir my gesê om nie te gaan nie."

95 Nou let op toe hulle teruggegaan het, en die hoofkwartiere geneem het, vir hom om daarnatoe te gaan en hierdie diens stop te sit wat hulle gehad het, julle sien, wel, toe, uitgevind, die hoofkwartiere het 'n beter groep mense hoër geplaastes gestuur, miskien 'n biskop, iemand anders, of dit mag 'n staatspresbiter gewees het, iemand wat soontoe gestuur is: "Sê vir hom om af te gaan en daardie in elk geval stop te sit!" Sien?

96 Let op, sy beter invloedryke groep, beter gawes, meer geld, het gesê: "Ek kan jou verhef tot 'n beter posisie. Ek mag jou maak, in plaas van net 'n gewone man wees, kan ek jou nou 'n bietjie hoër maak. Ek het die reg om dit te doen, want ek is koning in hierdie groot beweging. En ek—ek kan iets beters vir jou doen, as jy dit net sal doen."

97 Let op, die nuwe aanbod het hom verblind. Hy behoort te geweet het; wat God gesê het, sal God doen. Maar dit het hom verblind. En as 'n profeet van God, moes hy nie beïnvloed gewees het deur so 'n groep nie. Hy behoort uit daardie groep uit te gekom het, om mee te begin.

98 En as ek praat met 'n paar manne van God hier! Wanneer hulle jou probeer vertel by die hoofkwartiere, dat: "Die dae van wonderwerke verby is," en dit wat ons hier doen, en die Here Jesus ons seën: "en dis 'n klomp fanatisme, opwerk en emosie, daar is nie so-iets soos Goddelike genesing nie," kom uit daardie groep uit, net daar. [Broer Branham klap sy vinger—Red.] Kom daar uit, want Dit is die Woord van God wat gemanifesteer word. Hulle sê: "Daar is nie so-iets soos apostoliese dae nie. Daar is nie geen doop van die Heilige Gees nie. Daardie praat in tale, daar is niks daaraan nie."

99 O, maar, broer, moet jy nie daarna luister nie! Daar is baie soos Bileam, vandag, wat agter in hulle kantoor sit, hierdie Boeke lees, van die Bybel, en weet dat Dit die Waarheid is. Maar tog net om posisie se onthalwe, wil hulle nie hulle standpunt inneem nie. Net presies reg. Let op, God. . .Hy het geweet hy behoort nie in hierdie groep te gewees het nie, of Bileam behoort dit te geweet het. Hulle, hulle raak uit

die wil van God. Daardie kêrels sal jou reg uit die wil van God uitpraat. Wanneer jy die wil van God vind, moenie dat enigiemand jou daaruit praat nie.

100 Ek weet van goeie mense, wat na die dienste kom, genees word, en teruggaan. En hulle sal sê: "O, wel, daar is niks daaraan nie. Jy is opgewerk. Daar is niks daaraan nie." En die mense begin twyfel. Ek het mense sien kom en Christus in hulle hart ontvang, teruggaan; miskien in tale praat, en teruggaan. En die kerk sal sê: "Wel, jy's 'n—jy's 'n skande vir Christendom," ensovoorts. En, o, goeiste, moenie, moet dit nie doen nie, sien. Kom uit daardie groep uit! Bly weg daarvan.

101 Let op, Bileam het 'n valse teks hier gebruik, om sy gewetens onthalwe, sien. Hy het gesê: "Miskien. Bly jy nog 'n aand, en miskien sal ek God vra, jy sien. Miskien mag Hy van Sy gedagte verander het."

102 Maar God verander nie Sy gedagte nie. Toe God vir ons die verklaring van die doop van die Heilige Gees gegee het, op die Pinksterdag, dis hoe Hy dit moet hou. Hy het regdeur die Bybeleeu, en Hy sal enige ander tyd wat die mens op daardie basis sal kom wat Hy daar aangebied het. As jy sal kom, gelowig, belydend, gedoop in die Naam van Jesus Christus, vir die vergifnis van jou sondes, en in God glo, is God verplig om daardie voorskrif te vervul, reg, want Hy's die dokter. En Hy sal dit vervul as jy sal—as jy dit sal gehoorsaam.

103 Maar jy kan nie nou bekostig om hierdie voorskrif te kry, dit te neem na een of ander kwak apteker wat—wat iets anders daarin mag sit nie. Dit mag die pasiënt doodmaak. Dis waarom ons soveel dooie kerklidmate vandag het, hulle probeer die verkeerde voorskrif gee. God het die voorskrif reg hier in die Bybel. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Jy moet die medisyne neem soos die Dokter gesê het om dit te gee.

104 Die Bybel het gesê: "Is daar geen—is daar geen balsem in Gilead nie; is daar geen geneesheer daar nie?" Natuurlik, is daar. Gesê: "Waarom is die dogter van My volk dan in hierdie toestand?"

105 Sien, ons het die Bybel. Ons het die Geneesheer. Dis, net, die apteker berei nie die Skrif voorskrif nie. Dis wat dit is. Jy probeer sê: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar is nie soiets soos die doop van die Heilige Gees en al hierdie dinge nie. Dis onsin." Die Bybel is presies reg. God neem nie enigiets terug wat Hy gesê het nie. En hulle probeer 'n valse uitweg neem, iets soos: "Wel, ons glo *dit*." Wel, maak nie saak wat jy glo nie!

106 Dis wat God gesê het! Hy het gesê: "Ek sal My Gees uitstort op alle vlees." Hy het dit belowe in die laaste dae.

107 Hulle probeer sê die dienste, wat julle sien, hulle noem my "'n waarsêer, 'n—'n—'n gladde waarsêer, of 'n—of 'n

Beëlsebub, of een of ander duiwel." Wel, hulle moet dit sê, want hulle is van hulle vader. Dis wat hy van Jesus gesê het aan die begin. En dit is in elk geval nie ons wat hierdie doen nie, dis dieselfde Jesus, want Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Dis Sy Gees.

108 O, iets wat kon verbygaan, omseil en ver-. . . Sy opdrag omseil. Soveel mense probeer dit omseil. "O, kom sluit by die kerk aan, en dit sal reg wees. Ons is 'n ou kerk. Ons is hier vir baie jare. Ons het begin. . . " Ja, dis reg. As dit so is, dan is die Rooms Katolieke kerk julle almal een voor; hulle is die eerste van die organisasies. Hulle was eerste. Maar, onthou, nie die eerste Kerk nie. Hulle was die eerste organisasie, en die moeder van elkeen van hulle. Wat, elkeen van hulle teenstrydig is met God. Openbaring 17 sê dieselfde ding, sien. Ja, ons is in die laaste dae. Nou, onthou, God sal jou toelaat, egter, sien, nou.

En toe Bileam, hy het gedink: "Wel?"

109 Toe het God vir hom gesê: "Gaan voort." Waarom? God het geweet wat in sy hart was. God het geweet wat in sy hart was om mee te begin, so Hy het vir hom gesê om: "Voort te gaan." Hy sal dit toelaat. Hy sal jou toelaat om dit te doen. Hy sal jou seën, baiekeer, in die doen daarvan.

110 Hy het Israel selfs geseën nadat hulle. . . Genade het hulle alreeds 'n profeet gegee, Vuurkolom, 'n verlossing, tekens en wonders, hulle uit Egipte gebring, en alles, en steeds wou hulle 'n wet hê. God het dit vir hulle laat kry, maar Hy het hulle die heeltyd vervloek.

111 Hy het vir Bileam laat voortgaan net op die manier wat hy veronderstel was om te gaan, maar wat het hy gedoen? Hy het soontoe gegaan en, in plaas van om die mense te vervloek, moes hy die mense seën. Hy kon nie vervloek wat God geseën het nie.

112 En ek—ek het vir julle gesê, sou ophou om nege. En ek het opgekyk, en dis nou tyd, en ek het 'n boek vol notas hier.

113 Maar ek wil dit sê, ter afsluiting, dat God nooit Sy gedagte verander het nie. Sy direkte wil vir Bileam was om nie te gaan nie. En wanneer God 'n stelling maak, moet dit vir altyd waar bly.

114 Nou, die Bybel het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Nou, dit beteken nie "op 'n sekere manier" nie. Dit beteken Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd! Jesus het gesê in Johannes 14:12: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy het belowe in Markus 16: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volk."

Hulle sê: "Wel, dit was net vir die apostels."

115 Hy het gesê: "Gaan in die hele wêreld in, en preek die Evangelie aan elke skepsel. Hierdie tekens sal hulle volg, in die hele wêreld, en aan elke skepsel. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf. Hulle sal praat met nuwe tale. As hulle slange opneem, of iets dodeliks drink, sal dit hulle nie skaad nie. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Nou, dit is Sy kwalifikasie.

116 Sien, ons probeer iets kwalifiseer. Ons probeer maak, die kerk kwalifiseer na wat ons dink God se Woord is. Ons kan nie tot die kerk kwalifiseer nie. Ons moet na God kwalifiseer.

117 Ek het altyd gesê, dit is 'n groot bypassende tyd. Jy verf jou trappies rooi, en kyk jou buurman verf syne rooi. Party van julle vroue dra 'n sekere soort hoed, by die kerk, en kyk die res van die vroue kry dit.

118 Mev. Jacqueline Kennedy het hierdie water-kop haarstyl gehad, en kyk al die vroue. Sy het daardie ou klein sak-kleurige voorskote gedra, of sulke goed, dis 'n skandaal vir die vrou om op die straat te wees, met dit wat so aangerek is. Kyk na al die vroue wat dieselfde ding doen. Dis 'n nabootsing, maar dis in die wêreld. Die kerkmense het dit opgetel, en dis 'n skande dat hulle dit doen. Dis verkeerd vir hulle om dit te doen, en dis 'n oneer. En wanneer ons dit in Pinkster sien inkruip, is dit meer skandelik. Dit is reg. Maar, julle sien, die kerk verdra dit en laat dit gaan.

119 Nou, ons gee nie om nie. Ek het nooit omgegee of my jas by my broek gepas het, of of my das by my jas gepas het nie. Ek wil hê my ondervinding moet pas by God se Bybel en Sy vereiste. En dis wat ons as Pinstermense behoort te doen, is om ons ondervinding net soos hulle s'n te hê, want Hy's dieselfde Jesus, dieselfde Heilige Gees, dieselfde krag. Hy lewe vandag, en Hy lewe onder ons.

120 Dit herinner my soort van aan eendag toe Sy ma vertrek het uit Jerusalem, van die aanbidding af, en sy peetpa, Josef. En hulle het drie dagreise ver gegaan, en net veronderstel dat Hy saam met hulle was, en hulle het uitgevind Hy was nie daar nie.

121 En, julle weet, ek wil dit vergelyk met vandag. Julle weet, die kerk het 'n drie-fase reis gehad. Luther, Wesley, pinkster; drie-fase reis. God sal vir hulle 'n boodskap gee, regverdigmaking, Luther, hy het daaraan vasgehou; toe het heiligmaking gekom deur Wesley; toe die doop van die Heilige Gees, met pinkster. En ek wonder of ons nie heeltemal afgegaan het op 'n groot tekere ganery iewers, om groot dinge te bou, en groot dinge te doen, soos Bileam in sy gedagte gehad het nie; groot organisasie, die—die een moet beter wees as die ander, en *hierdie* een meer, goue medaljes gee en sterre vir Sondagskool en wie kan die meeste lidmate inbring, en enigiets inneem in die kerk in.

122 Ek sê jou, daar is een Kerk, waarin daar nie ’n huigelaar is nie, en dis die Kerk van die Here Jesus Christus, wat gedoop is deur die Heilige Gees. Jy word nie Daarin oortuig nie. Jy word Daarin gebore. Jy word Daarin gestuur deur die Heilige Gees.

123 Hulle het uitgevind. Die ouer het uitgevind dat Hy nie onder hulle was nie.

124 Nou in hierdie uur, hierdie groot krisis is aan, wanneer ons weet dat hierdie volk skud. Nie net die volk nie, maar die wêreld skud. Dis aan die endtyd. Daar’s nie nog ’n ding wat ek weet moet gebeur, behalwe die Wegraping, die Koms van die Here Jesus Christus nie. Dis alles gereed.

125 En ons sien hierdie vergaderings. O, kry elke voordeel, hierdie konvensie wat kom, kry elke ding daaruit wat julle kan kry, wat van God is. As julle nie die Heilige Gees het nie, sit dit net in julle gedagte julle gaan nie hier vertrek totdat julle Dit gekry het nie. Dis hoe om dit te doen. Bly daar, want jy. . . hierdie is, mag jou laaste geleentheid wees. Daar mag nooit weer nog ’n konvensie op hierdie Weskus wees nie. Dit mag onder die see wees, op daardie tyd, voor nog een. So ons weet nie wat kan gebeur nie, so ons. . . Ons kyk vir die oordele van God wat oor die volke moet kom.

126 Nou mag ek dit sê. Hulle het gedink Hy was saam. Maar hulle het uitgevind, in die krisis, dat Hy nie daar was nie. Sien, Hy was nie by hulle nie.

127 Nou vind ons uit, dat in die tyd dat toe hierdie groot ding na vore gebring is, en ons vind uit dat ons iets mis in ons kerke, en dit is die krag van Christus.

128 Nou, kyk, ek wil nie kritiseer nie. Ek het julle lief, en egte, ware liefde is altyd teregwysend. Nou ons mis Christus in ons kerk. Ons mis Christus onder ons Pinkstermense, ons broers en susters. Daar is iets verkeerd. Die outydse bidure wat hulle altyd gehad het, heeldag en nag, hulle het hulle nie meer nie. Ons vroue het altyd lang hare gedra; hulle doen dit nie meer nie. Dit sou ’n skande wees vir vroue om te grimeer en grimering te gebruik, destyds in die vroeë dae, en op te tree soos die vroue nou maak. Iets het verkeerd gegaan. Niks verkeerd met Christus nie, sien, maar iets het verkeerd gegaan. Iets is iewers. Die preekstoel, was altyd, sou nie so-iets soos daardie toegelaat het nie, maar dit laat dit nou toe. Sien, die krisis is aan, en ons mis iets.

129 Ons mis krag wat ons behoort te hê, waar die groot masjien behoort te loop, en groot tekens en wonders. Wel, hierdie gebou behoort so vol te sit van krag van God, nou, totdat ’n sondaar nie hierbinne kon bly nie; die Heilige Gees wat dit veroordeel, net so vinnig soos daardie, soos Annanias en Saffira. En ons mis iets.

130 Nou wat het gebeur? Hulle het na Hom gaan soek, onder hulle familie, en hulle het Hom nie onder hulle familie gevind nie. So waar het hulle Hom gevind? Net daar waar hulle Hom gelos het.

131 En ek dink, toe ons kerk gegaan het op hierdie groot organisatoriese jol wat hulle het, een moes beter as die ander wees, en moes beter kerke hê, en beter klas mense, en beter geklede mense, en beter sangers, en daarbo staan en . . .

132 Ek hou van goeie sang. Ek hou van ware, goeie, outydse, pinkstersang. Maar ek kan nie daardie aansit goed uithou nie, dit gaan bloot nie by my af nie; hou jou asem op totdat jy blou word in die gesig, net om gehoor te word. Ek—ek glo aan sing uit jou hart uit, in die Gees van God, soos ek hierbinne gehoor het 'n rukkie gelede. Sien?

133 Ek hou van goeie outydse uitroep, maar ek dink uitroep kan voortgaan net as die musiek voortgaan, of nie. Die Gees van God op die mense, Dit bring die seëninge en krag van God af. Ek glo mense kan getuig, en sing, en God prys, by hulle werk, waar ook al hulle is. Waarlik.

134 En nou mis ons iets. Waar sal ons Hom vind? Net waar ons Hom gelos het, in die Woord.

Laat ons bid.

135 Dierbare Hemelse Vader, een van hierdie aande gaan ons hierdie Bybel vir die laaste keer toemaak, die laaste lied gaan gesing word, laaste preek gepreek word, die laaste gebedsry sal geroep word, die laaste sondaar sal inkom. En wat dan? O dierbare God, ons wil nie U toelaatbare wil hê nie, Vader. Laat ons wandel in U volmaakte wil. Laat ons nie net—net 'n Woord hier en daar neem, en Dit 'n leerstelling of geloofsbelydenis, of iets pas nie. Laat ons die Woord neem soos Dit is, die volle Evangelie glo, alles wat Jesus vir ons geleer het om te doen. Ons glo nie dat die handelinge van die apostels net die raamwerk is nie. Ons glo Dis die Woord van God, Dis die handelinge van die Heilige Gees in die apostels. En ons glo dat dieselfde Heilige Gees, Here, wat oor hulle gekom het, en soos hulle opgetree het, Dit dieselfde ding in ons sal doen, wanneer Dit op ons kom, as dit dieselfde Gees is.

136 So ek bid, dierbare God, dat hierdie konvensie waarvan ons net op die vooraand is, om môre-aand te begin. Ek bid, Hemelse Vader, dat dit die grootste konvensie sal wees wat hierdie stad ooit gehad het, as gevolg van U Teenwoordigheid. Seën elke spreker, O God, mag dit so—so skuddend wees, mag die toorn van God oor die preekstoel gebulder word. Mag sondaars skud, bewe. Mag die Teenwoordigheid van Jesus Christus so werklik wees onder die mense, dat hulle net hulle oë kan sluit en Hom onder hulle sien wandel. Skenk dit, Here.

137 Nou, vanaand, net voor dit gebeur waarvoor ons bid... Dierbare God, party van U kinders is siek. Hulle is gewond, en—en hulle het seergekry. Ek het gekom om te bid vir hulle. Sal U eer wat ek U vra, vanaand, Here, vir hulle siekte? Ek vertrou, op U, dat daar nie 'n swak persoon in hierdie gebou sal wees wanneer die dienste verby is nie.

138 U dienaars hier regdeur, wat daarbuite sit, uitroep, hulle hande opgooi, en hieragter op die platvorm, en "amen" sê op die Woord. Vader, ons is een eenheid mense. Ons het uit die wêreld uitgekom, uit daardie koue formele toestande, en ons is gebore uit die Gees. Ons lewe, vanaand. En U het gesê, omdat U lewe, lewe ons ook. En ons vertrou, Here, en glo met ons hele hart, volgens die Woord, dat ons verteenwoordig is in U.

139 Nou maak U Woorde werklik, vanaand, om die mense te genees, soos ek vir hulle bid, en hierdie ander bid. Skenk dit, Here, dit so sal wees. En ons sal U daarvoor prys. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

140 Nou...[Iemand begin praat in 'n ander taal. Leë kol op band—Red.] Dank U, Vader God.

141 Ons voel dat, net soos eenkeer in die Bybel, hulle 'n krisis moes trotseer, en die Gees van die Here het op 'n man geval en Hy het vir hom gesê waar om die vyand te verslaan, waarnatoe om te gaan. Luister Daarna. Korrigeer net jouself. Sien, die Gees van die Lewe in jou, korrigeer jou met die Woord. Sien, as die Woord in jou lewe, lewe Dit Ditself regdeur die Woord.

142 Nou, gisteraand was ek laat. Nou, julle is so 'n goeie mense, ek net...Lyk asof, en soos ek begin ouer word, wens ek—ek—ek net ek kon...Ek sal met julle wees vir altyd, in 'n ander Land.

143 So nou gaan ons bid vir die siekes, en nou gaan ek nie probeer om te veel op 'n keer te bring, soos ek gisteraand het nie. En nou, Billy Paul het 'n klomp gebedskaarte uitgegee, ek veronderstel 'n honderd van hulle. Het jy 'n honderd gegee, of twee? Tweehonderd. Wat was hulle? C.

144 Wie het C, nommer een? Steek jou hand op, kom ons kyk of dit reg is, nou. Gebedskaart, kyk na jou gebedskaart, dit het 'n nommer en 'n—en 'n letter daarop. C, nommer een, steek jou hand op. Ver op. Goed, kom hiernatoe. Nommer twee, drie, vier, vyf. Nou, en, jy, gaan iemand soontoe en kry hulle. Nou ons wil al die gebedskaarte hê, maar ons wil hê hulle moet oplyn aan *hierdie* kant. Een, twee, drie, vier, vyf. Ek sien drie van hulle. En jou gebedskaart, meneer? Vier. Is daar nou nog een? Vyf, is dit die persoon wat daar aankom? Een, twee, drie, vier, vyf. C, nommer een, twee, drie, vier, vyf. Goed, kom nou net soos jy geroep word, jou nommer.

145 So, gisteraand, het ek hulle daaronder gesien, mense wat druk. Ons wil dit nie hê nie. Hierdie is 'n kerk, julle weet, nie 'n arena nie. So, ons—ons, jy moet orde hou.

146 Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien. Nou lyn hulle net op soos hulle teruggaan. Nou, gebedskaart ses, sewe, agt, nege, tien. En iemand sal hulle hand ophou wanneer hulle het . . . wanneer hulle opgelyn is daarbo. En ons gaan vir hulle bid.

147 Hoeveel gaan nou saam met my glo dat die Here Jesus 'n groot werk gaan doen? Ek sal alles doen wat ek kan. Nou ses, sewe; ses, sewe, agt, nege, tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien.

148 Nou kom net om, sodat hulle nie almal meteens vasgedruk sal word nie, julle weet, en rondom dit. Dis waarvoor die nommers vir julle gegee word, om julle in orde te hou, julle weet. Bly so dat dit nie sal . . . Dan wanneer jou nommer geroep word, wel, kom jy net dan. Goed, en nou wil ons hê . . .

149 Nou ek wil hê almal, almal, moet nou baie eerbiedig wees. En ons sal nou aanhou bid nou vir omtrent, totdat ons vir hierdie mense kan bid. En ons weet nie wat die Here mag doen nie. Ons weet nie wat Hy sal doen nie. Maar ons verwag dat Hy groot dinge sal doen.

150 Nou, ek glo, vyftien, het ek al soveel daar oorkant? Billy Paul, waar is jy? Goed. Vyftien, sestien, sewentien, agttien, negentien, twintig.

151 Nou, sien, hulle dam al klaar op. So nou wil ek hê, miskien, dalk 'n broer om, as wanneer hulle afkom na die punt van die ry, laat hom die volgende nommers roep, julle sien, sodat ons nie almal hoef te staan, daar te staan so lank wanneer ons bid vir—vir die—die siek mense nie. Goed. Nou ons sal—ons sal . . . Ek wil—wil hê julle . . .

152 Ek wil met julle praat terwyl hulle daardie mense kry sodat hulle nie gaan opdam nie.

153 Nou, niemand kom totdat jou—jou nommer geroep is nie. Ons het geroep tot vyftien, glo ek was dit, of twintig, iets daarrond, ek sal sê tot twintig, en laat ons dan wag. En dit sal nou genoeg daarin wees, wat ook al daar oorkant is.

154 En nou hoeveel kaarte is daar? Steek julle hande op. En hoeveel het nie kaarte nie? Steek julle hande op.

155 Nou, onthou, jy hoef nie 'n gebedskaart te hê nie. Ons was twee aande hier, en elke aand het die Heilige Gees uitgegaan oor die gehoor en die mense genees, ongeag van gebedskaarte. Is dit reg? Die gebedskaart doen net een ding vir jou, help jou om in lyn te kom. Dis reg. Maar hê jy geloof, en hou jy dop

hoe die Heilige Gees die platvorm verlaat, net hier, en reguit uitgaan onder daardie gehoor daar. Hoeveel weet dat dit waar is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

156 Nou, ek—ek glo, glo plegtig, as daar enige ander kerk behalwe die Pinksterkerk was, wat ek sou—sou kon saamgaan mee, en glo, sou ek daarby wees, as ek gedink het daar was enigiets beter. En wanneer julle my iets hoor sê van die organisasies, en sulke dinge, ek is nie teen die mense nie. Dit omdat . . .

157 Wanneer jy 'n man sien wat jy liefgehad het, buite in 'n boot wat reguit afdryf na die valle, en jy weet daardie boot gaan saam met hom sink, en jy sê: "Wel, ek het hom lief, maar hy—hy het sy eie maniere"? Nee, ek kan dit nie doen nie. Dis nie in my nie. Ek sou skree, uithardloop en hom gryp, hom skud, hom inruk, of enigiets anders, om hom daar uit te kry, sien.

158 En ek weet dat dit nie oor die valle sou dryf nie. Dis reg. Dit moet terugkom na Christus, so seker as enigiets. Dit moet terugkom na—na God. Nou ek—ek . . .

159 Almal hierbinne was van tevore in my dienste, is dit reg? Hou julle hande op as julle in die dienste was. Goed. Daar is nie enige . . .

160 Is daar enige nuwelinge wat nooit tevore in een van my dienste was nie? Hou julle hande. Wel, wat doen julle . . . Ek nooit . . . Is hierdie die eerste keer wat julle in een van my dienste was? Steek julle hande weer op. Wel, ek—ek—ek sê jou, ek . . .

161 Miskien moet ek hierdie ding so 'n bietjie verander. ['n Broer sê: "Verduidelik 'n bietjie oor jou bediening."—Red.] Wel, ek—ek beter.

162 Julle, aan julle mense wat pas ingekom het, ek—ek gaan . . . Dit gaan my net 'n bietjie, paar minute langer neem. Laat ek dit verduidelik, want julle sal weggaan met die verkeerde indruk, sien.

163 Ek glo in elke daad van God. Maar ek glo dat die Bybel ons belowe, in die laaste dae, dat daar moet wees, weer kom, die Kerk moet in dieselfde orde kom wat dit was, waarin Jesus dit gelaat het toe dit weg is. Sien, dis die Bruid, dit moet daarby kom. Nou, ons het deur die groot werke van God gekom, deur regverdigmaking, heiligmaking, die doop van die Heilige Gees, herstel van gawes. Maar in die volg van die lyn van Abraham . . .

164 Nou, ek is ongeleerd, en ek moet iets gebruik soos Johannes die Doper het. Hy was ook ongeleerd. Hy het in die wildernis ingegaan, omtrent nege jaar oud, en hy het nooit 'n opleiding ontvang nie. So sy preke was meer gebaseer op die natuur: "O, julle addergeslag." Sien, dis die ergste ding wat

hy gesien het, en die so slymerig, en hy het daardie priesters "slange" genoem. Hy het gesê: "Julle addergeslag, wie het julle gewaarsku om te vlug vir die toorn wat aan die kom is? Moenie begin sê: 'Ons het *hierdie*, en ons behoort *hieraan* nie.' God is in staat om uit hierdie klippe," dis wat hy op die rivieroewer gesien het: "kinders vir Abraham op te rig. En, ook, die byl," dis wat hy gebruik het in die wildernis: "is teen die wortel van die boom gelê. En elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word afgekap." Dis die soort wat hy verbrand het, en vuurmaakhout uit gemaak het, julle sien. Maar die goeie bome. . . Hy—hy het net sy preke so gemaak.

165 So, hierin, ek wil—wil dit op hierdie manier sê. Ons is aan die endtyd, die oestyd.

166 Nou, in Abraham se reis, het hy God die heeltyd ontmoet in verskillende vorms, ensovoorts, wat ons dit kon neem en dit wys. Net, ons is Abraham se Saad, as ons in Christus is. En Isak was eintlik sy—sy mindere seun; hy was sy seun, seksueel. Maar, geestelik, was Christus Abraham se Saad, sy koninklike Saad, sy geloof.

167 Nou vind ons dat sy koninklike Saad is, dieselfde reis onderneem, dis, Bruid van Christus onderneem dieselfde reis as wat Abraham het. En die laaste teken wat Abraham gesien het, voor die beloofde seun gekom het, is toe God gemanifesteer was in 'n menslike liggaam, en twee Engele afgekom het.

168 Jesus het gesê, in Lukas, die 17de hoofstuk en die 30ste vers, dat: "Soos dit was in die dae van Noag." Hy het vertel van Noag se tyd. En gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom," sien, Sy Koms: "so sal dit wees wanneer die Seun van die mens geopenbaar sal word." Nou, Hy het nooit gesê "die Seun van God" geopenbaar sal word nie. "Die Seun van die mens!"

169 Nou, Jesus het gekom in drie name. Seun van die mens, wat 'n profeet is; Seun van God, wat deur die Kerkeeu gegaan het; dan Seun van Dawid. Maar tussenin die Seun van God en Seun van Dawid, volgens Sy Eie Woord, en volgens Maleági 4 en baie Skrifte, moet Hy terugkeer in Sy Kerk, in fisiese vorm, in die mense, in 'n. . . in mense, op die manier van 'n profeet. Sien?

170 En kyk wat hierdie Man gedoen het, toe Hy afgekom het om Abraham te sien. Eerste ding, het Hy vir Abraham vertel van sy naam wat verander sou word, want Hy het hom nie Abram genoem nie, Hy het hom Abraham genoem. En toe Hy het, wel, vind ons uit dat—dat Hy gesê het: "Waar is jou vrou, Sara?" S-a-r-a; nie S-a-r-a-i nie.

171 "Wel," het hy gesê: "sy is in die tent agter U."

172 Hy het nou gesê, sy was negentig en Abraham was honderd, en Hy het gesê: "Nou gaan ek jou besoek volgens die belofte, die tyd van die lewe."

173 En Sara aan die binnekant, het Hom gehoor, geluister deur die wand van die tent, en sy het by haarself gelag. En die Engel, Man wat daar gesit het, het gesê, het haar gees onderskei in die agterkant, agter Hom, en gesê: "Waarom het Sara gelag, gesê het oor hierdie dinge?"

174 Wel, hulle het Sara geroep, en sy het dit ontken. Hy het gesê: "Maar jy het dit gedoen." Sy was bang.

175 Nou Jesus het gesê, net voor die Koms van die Seun van God, of die Seun van. . . die tweede Koms, dat hierdie eeu waardeur ons lewe. . .

176 Hy het gekom as Seun van die mens, 'n profeet, omdat dit die Skrif vervul. Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n profeet soos ek oprig." Ons weet almal dit was Jesus. Nie waar nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] So Hy moes kom volgens die Skrif, 'n profeet. Hy het nooit Homself die Seun van God genoem nie; Hy het Homself die Seun van die mens genoem.

177 Maar nou is Hy, deur die Kerkeeu nou, was Hy Seun van God. In die Millennium sal Hy Seun van Dawid wees, wat op Dawid se troon sit. Maar tussen hierdie tyd, vind ons uit deur die Skrifte, moet Hy Homself weer openbaar as Seun van die mens, 'n profeet.

178 Want, die Woord van die Here kom net na die profete, nooit na teoloë nie. Dit is na profete. En die Here het gesê Hy het niks gedoen, in Sy onveranderlike Woord, waarvan ons pas gepraat het, voordat Hy eers Sy profete wys nie. En die endtyd, daardie sewe seëls waarmee hierdie Bybel verseël is, die sewevoudige verborgenhede van alles van Christus, moet eers geopenbaar word, en dit kan net gebring word na 'n profeet. Ons het daarna gesoek, vir jare, en ons glo dat Sy Gees nou onder ons is, so vind ons.

179 Nou kyk toe Jesus gekom het, kyk wat Hy gedoen het om Homself te bewys om daardie Messias te wees, die Gesalfde. Eendag, nadat Hy ontvang het. . . Die Vader het afgekom en in Hom kom woon, in die vorm van 'n duif wat afgekom het uit die Hemel, wat sê: "Hierdie is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon."

180 Dis waarom Hy gesê het: "Ek en My Vader is Een. My Vader woon in My. Dis nie Ek wat die werke doen nie; dis My Vader wat in My woon."

181 Johannes het getuig, daardie Gees van God gesien, soos 'n duif, wat neerdaal. 'n Stem wat Daaruit kom, wat sê: "Hierdie is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon." Sien, en Hy het in Hom gewoon.

182 Nou kyk toe Sy bediening begin het, Hy moes nou as Seun van die mens optree. Nou kyk wat Hy gedoen het. Daar het 'n man gekom met die naam van Simon Petrus. Sy naam was

toe Simon, later Petrus genoem. Andréas het die diens van Johannes bygewoon, en toe Jesus gekom het, en Johannes Hom bekend gestel het, het hy Hom gesien. En Andréas het sy broer, Simon, gevra om na die diens te kom saam met hom.

183 En hy is deur hulle vader vertel, soos dit gesê het dat: "Daar sou 'n tyd kom, voor die ware Messias sou kom, dat daar baie valse Messiasse sou wees wat opstaan." Daar is altyd so. Hy het gesê: "Maar, seuns, onthou, die ware Messias, julle sal Hom ken, omdat Hy volgens die Skrif sal wees. Hy sal 'n profeet wees. Nou, ons het nie 'n profeet gehad vir honderde en honderde en honderde jare, sedert Maleági nie. Maar daar sal baie mense wees wat aansprake sal maak, want ons weet daar was—daar was 'n Jesus wat opgestaan het en 'n groep weggevoer het, ensovoorts. Maar hierdie ware Messias sal 'n profeet wees." En alle Hebreërs word geleer om te glo wat die profete sê is die waarheid.

184 [Leë kol op band—Red.] Net daar het daardie ongeleerde visserman, wat vir ons vertel word nie genoeg geleerdheid gehad het om sy naam te skryf nie, die Bybel het gesê hy was beide "onkundig en ongeletterd," hy het dit herken as die Seun van God. Hy het dit herken as die Messias, omdat daar 'n profeet was. Daar was die Een Wie vir hom gesê het wat sy naam was, en vir hom vertel het wat sy pa se naam was. Toe het hy geweet dit moet 'n profeet wees, want die Man het hom nie geken nie. En aan hom is die sleutels van die Koninkryk gegee.

185 En ons vind daar was party wat daarna staan en luister het, en een met naam van Filippus, wat gehad het. . . wat Bybelstudie saam met 'n vriend gehad het, met die naam van Natánael, wat gesoek het na die Messias. So hy hardloop om die berg, omtrent 'n dagreis, en kom terug. En hy vind hierdie Natánael daar oorkant onder 'n—'n vyeboom, aan die bid—bid. En hy het gesê: "Kom, kyk Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef." So Natánael wat. . . of Filippus of. . .

186 Natánael, liewer, 'n goeie man, hy het gesê: "Nou, kan enigiets goeds uit Násaret kom?"

Hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "kom net en kyk."

187 Nou, dis goeie raad. Kom, kyk vir jouself. Moenie by die huis bly en kritiseer nie. Kom, vind uit. "Ondersoek die Skrifte, in hulle dink julle het julle Ewige Lewe." Jesus het gesê: "Dit is Dié wat van My getuig."

188 So op die pad terug, sonder twyfel, het hulle 'n bietjie gepraat. Hy het vir hom vertel, gesê: "Jy weet daardie visserman wat nie daardie kwitansie vir daardie vis kon teken, wat jy nou die dag gekry het nie? Hy het vir hom gesê. Jy weet sy pa was daarbo in die kerk, sy naam was Jona. Onthou jy? So, Hy—Hy—Hy het vir hom gesê wie hy was."

"O, ek sal dit moet sien."

189 So hy het nadergekom, en miskien was hy in die gebedsry, waar Jesus was. Ek weet nie. Hy het opgestap in Jesus se Teenwoordigheid. Jesus het na hom gekyk, en gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

190 Nou, die eerste plek, sê jy: "Hoe het Hy geweet hy was 'n Israeliet? Wel, omdat hy aangetrek was?" Nee, nee.

191 Alle Oosterse mense trek daardie tulbande aan. Hulle trek dieselfde aan. En gesê: "'n Israeliet."

192 En Hy het gesê: "Daar is geen bedrog nie!" Hy kon 'n skelm of enigiets gewees het, dan sou hy ontmasker gewees het. Hy het gesê: "Waarin daar geen bedrog is nie!"

193 En dit het soort van die styfheid uit Natánael geneem, so hy het gesê: "Rabbi, wanneer het U my ooit geken? Wel, ek—ek—ek begryp dit nie. Wanneer het U my ooit geken? Ek het U nooit ontmoet nie. Ek is net hiernatoe gebring deur Filippus. Wanneer het U dit ooit geweet?"

194 Hy het gesê: "Voor jy onder die vyeboom was, terwyl jy daar gebid het, het Ek jou gesien." Ja. Sien?

195 Hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God. U is die Koning van Israel."

196 Jesus het gesê: "Omdat Ek jou dit vertel het, het jy geglo? Dan sal jy groter as hierdie sien."

197 Nou, daar was diegene wat daar gestaan het. Nou laat ek vir julle 'n klein waarskuwing gee. Daar was diegene wat daar gestaan het, rabbi's en priesters, en hulle het gesê: "Hierdie Man doen dit deur Beëlsebub."

198 En Jesus het omgedraai en gesê: "Ek sal julle daarvoor vergewe," want die versoening was nog nie gemaak nie: "maar eendag sal die Heilige Gees kom en dieselfde ding doen," het Hy gesê: "en om een woord Daarteen te spreek, sal dit jou nooit vergewe word in hierdie wêreld of die wêreld wat sal kom nie."

Voort na die vrou by die put, die Samaritane.

199 Nou, daar was drie rasse mense op die aarde. Ons mag swart, bruin, geel wees, wat ook al ons is, maar ons kom van een bloed. En daar is drie rasse, wat kom van Gam, Sem, en Jafet se mense; en dis Jood, Heiden, en Samaritaan, half Jood en Heiden.

200 Nou, ons Heidene, Anglo-Sakse, ons was heidene, het afgode aanbid. Ons het nie gesoek na enige Messias nie.

201 So toe Jesus Homself gemanifesteer as Seun van die mens. . . Nou luister goed, en ek sal afsluit. Toe Jesus gekom het, was Hy verplig om voor te stel wat daardie profeet gesê

het Hy sou wees, so daarom het Hy Homself voor Israel verteenwoordig, voor Petrus en Natánael, en diegene daar, as Seun van die mens.

202 Nou het Hy 'n behoefte gehad om na Samaria te gaan. En Hy gaan na Samaria toe, en daar het Hy 'n vrou gevind wat by die put sit. Ons ken die storie, en soos sy, hulle het met mekaar gepraat. Sy het kom water haal. Hy het gesê: "Bring vir My iets om te drink."

203 En sy het gesê: "Nou, daar is segregasie hier, ons kan dit nie hê nie. En ek's 'n vrou van Samaria, en U is 'n Jood. Ons het nie . . . "

204 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met wie jy gepraat het, sal jy vir My vir water gevra het."

205 Sy het gesê: "Wel, die put is diep, waarmee gaan U optrek?"

206 En die gesprek het voortgegaan totdat Hy haar gees gekontak het. En toe Hy haar gees gekontak het, het Hy gevind wat haar probleem was. Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou hoeveel van julle nuwelinge weet dis die waarheid? ["Amen."] Dis reg, dit was waar.

En wat het Hy gesê? "Gaan kry jou man en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het geen man nie."

207 En Hy het gesê: "Jy het reg gesê. Want jy het vyf mans gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie." Sy het omgedraai.

208 Nou, sy was nie soos daardie priesters, gesê het: "Hy het 'n duiwel. Hy's 'n fortuinverteller of iets," nie.

209 Sy het omgedraai, en sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons het nie een gehad vir vierhonderd jaar nie. Die kerk was nie gewoond aan so-iets soos hierdie nie. Maar ons sien, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ek weet dat ons soek na die Messias. En wanneer die Messias kom, sal dit die ding wees wat Hy sal doen."

210 Nou die Bybel het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." As dit die gesalfde teken van die Messias destyds was, aan die Samaritaan en aan die Jood, nou, dit is nooit gedoen voor Heidene nie. Nêrens in die Bybel het Jesus dit ooit gedoen voor Heidene nie. Hulle het vierduisend jaar gehad om te soek na 'n Messias; ons het tweeduisend jaar gehad, met hulle opleiding, ook, om te soek na 'n Messias.

211 Nou, as daardie Sy identifikasie was net voor hulle dag verby was, moet dit ons identifikasie wees, want Hy het belowe die Seun van die mens sal Homself weer openbaar in die dag wat die wêreld weer soos Sodom sou word. En enigiemand weet ons is daar. Sien?

212 Nou, ek glo dat Jesus Christus elke Woord hou. Alle Skrif is geïnspireerd. Ek dink nie ons het een reg nie, en sal veroordeel word as ons een woord Daarby voeg, of een Woord Daarvan wegneem. Openbaring 22 sê so. Ek glo Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

213 Ek eer beslis die Lutherane vir hulle standpunt in hulle dag, die Metodiste vir heiligmaking in hulle dag, en die Pinksters vir hulle standpunt in hulle dag, maar ons lewe in 'n ander dag. Ons lewe wanneer daar 'n stingel, pluim, dop, amper soos die Koring was, maar die Koring is binne-in die dop. Die dop het net die Koring ondersteun, gekeer dat die warm son Dit verbrand. En nou trek die denominasie weg Daarvan, sodat Dit kan lê in die Teenwoordigheid van die Seun, om ryp te word. So ons is—ons is in . . . Daar sal nie meer enige organisasies opkom nie. Hierdie is die end daarvan. Ons het gehad, altyd omtrent drie jaar, wanneer 'n boodskap begin, organiseer hulle dit.

214 Hierdie het nou voortgegaan vir omtrent twintig jaar, en geen organisasie. Dit kan nie. Ons is in 'n Koringtyd, 'n oestyd. Ek kan die groot stroper hoor kom. Ons gaan Huis toe eendag. "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

215 Nou, ek is nie Hy nie, maar ek is Sy dienaar. Ek glo nie dat jy hande op mense lê en hulle gawes gee nie. "Gawes en roepings is sonder bekering." Hulle is voorbestem, deur God, vir die eeu en die tyd van daardie eeu. Enige Bybelstudent weet dis die waarheid. Moses was gebore, net betyds. Jeremia, betyds, al die res van hulle. Johannes die Doper, betyds. Jesus was betyds. En ons is betyds. Hierdie is wat veronderstel is om te gebeur.

216 Nou, ek maak aanspraak dat Hy vandag lewe, en Sy Gees. Na die kerkeeue, ons is in die Laodicése kerkeeu, die laaste oproep, en die ergste van hulle almal, want Hy was uit die kerk gesit. Onthou, Seun van die mens, en Hy was uit die kerk gesit; nie 'n organisasie uit 'n organisasie nie, maar 'n Persoon uit 'n organisasie. Sien? Nie een van die ander kerkeeue het dit gehad nie, net die Laodicea. As julle geestelik is, sal julle verstaan.

217 Ons Hemelse Vader, nou het ek waarlik van U getuig. Nou as dit waar is, wat ek weet dit is, Here, ek glo dis waar, getuig U dat ek die Waarheid vertel het. In Jesus Christus se Naam. Amen.

218 Ek gaan iets vra, net 'n oomblik. Ek sou nie enige onderskeidings gehad het in die lyn nie, want ek het gedink almal van julle was in my bediening. Maar vir hierdie mense wat hier is, laat party van julle mense daarbuite begin bid, en laat net iemand in die ry, of iets. En nou as Jesus Christus hierdie mens sal neem. Dit sal nie sonder julle werk nie. Julle is die een wat dit doen.

219 Nou, luister, 'n vrou het Sy kleed aangeraak, eendag, en Hy het omgedraai, gesê: "Wie het My aangeraak?"

220 Hulle het almal gesê: "Wel, U lyk . . ." Of, Petrus het gesê: "Wel, die hele skare raak U aan."

221 Hy het gesê: "Maar Ek het gemerk dat Ek swak geword het, of dat deug My verlaat het." *Deug* is "krag." En gesê: "Ek het gemerk dat Ek—Ek swak geword het."

222 En so Hy het omgekyk, na die vrou, totdat Hy haar gevind het, en vir haar gesê van haar bloedvloeïng. En dat sy . . . Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered." Goed.

223 Nou, Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. En die Nuwe Testament, die Boek van Hebreërs, het gesê dat: "Hy net nou die Hoëpriester is wat bemiddeling doen vir jou, wat aangeraak kan word deur die gevoel van jou swakheid."

Nou, hier, is daardie—is daardie een van die pasiënte hier? Kom.

224 Nou, vir die gehoor. Ek doen hierdie nie vir 'n vertoning nie, vriende. Nou hou op om dit te dink. Onthou, ek kry julle gedagtes. Hoeveel weet dat dit waar is, en dit sien? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

225 Hier is 'n vrou wat ek—ek nog nooit gesien het nie. Ek weet niks van hierdie vrou nie. Ons is waarskynlik myle uitmekaar gebore, en jare uitmekaar, en hier staan ons hier vanaand. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek ken jou nie. Nou, ek het geen idee nie. Hier, hier is—hier is Johannes 4 weer, 'n—'n man ontmoet 'n vrou. Nou, ek is nie Jesus nie, en sy is nie daardie vrou nie. Maar hier is net dieselfde. En Hy het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Nou, ek weet nie. Dit neem hierdie vrou se geloof om dit te doen. Ek weet niks van haar nie. Maar nou, as ek vertel het wat die waarheid is, dan is God verplig om te maak die . . . te sê dit is reg. Nou, sonder om jou te ken, as God van die Hemel . . .

226 En ek het die Waarheid vertel. Glo jy dat wat ek gesê het daarvan is die Waarheid? Aanvaar jy dat dit waar is? [Die suster sê: "Ek glo dit."—Red.] Jy glo dit? Ek sou nie hier staan voor hierdie heilige Bybel en iemand probeer mislei, 'n man van my ouderdom, en weet ek moet God oorkant ontmoet by die Oordeelsbank nie. Ons moet daar staan, eendag. Ons weet dit.

227 Nou as God aan my kan openbaar, iets in jou lewe, wat jy weet waarvan ek niks weet nie, omdat ek jou nie ken nie. As enigiets, dit sou iets in jou lewe moes wees. Ek sou niks daarvan weet nie. Dit sou van 'n bonatuurlike Krag moes kom. En dan sal dit van jou afhang, wat jy gedink het daardie Krag was.

228 Nou aan julle nuwelinge. Nou ek hou my hand. Nou, moet asseblief nie nou rondloop nie, want, sien, julle is elkeen 'n

gees. Wanneer ek draai, voel jy net 'n—'n trek van oral af. Sien, julle is—julle is mense en het geeste. En jy is 'n gees. As jy nie is nie, is jy dood. So respekteer julle net, net vir 'n oomblik.

229 En julle manne hier, bid. Ek het dit nie verwag nie, glad nie hiervoor gekom vanaand nie. Ek het net gekom bid vir die siekes. Maar dis die nuwelinge.

230 Nou, glo julle dit? As die Here vir my kan vertel wat jou probleem is, of waarvoor jy hier is, iets wat jy gedoen het of behoort te gedoen het, of—of iets anders, sal jy dan glo? Goed, ek probeer jou gees kontak, jy sien. Dis wat ek probeer doen. Soos Hy gedoen het met die vrou by die put, Hy het 'n bietjie met haar gepraat, sien, Hy het gevra vir water. En dis wat ek probeer doen, om jou gedagtes te kry, nie jou gedagtes te lees nie; maar te probeer soos Hy het, jou gedagtes te onderskei.

231 Jy's hier vir 'n maagtoestand. Jy het 'n maagprobleem. Dis reg. Steek jou hand op as dit waar is. Glo jy nou? Nie net dit nie, maar jy honger vir iets anders. Jy wil die doop van die Heilige Gees hê. Wys jou hand as dit waar is. Sien? Ek het daardie Lig op haar sien afbeweeg, en toe terug beweeg, sien. Gaan en ontvang die Heilige Gees, in die Naam van Jesus Christus, die antwoord.

232 Glo jy nou, nuweling? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou sê jy . . .

233 Nou hier, sien, wanneer daardie salwing eenmaal begin, dan daar gaan Dit. Sien, net sodra die vrou staan, daar is sy, sy's net nou . . . Sy erken daar is Iets om haar.

234 Hoeveel het al ooit die foto van daardie Vuurkolom gesien, daardie Lig daar? By Washington D.C. Sien? Nou ek wens . . . Dis in 'n ander dimensie, soort van. Ek kyk reguit Daarna. Daar hang Dit net hier by die vrou. Ek kyk reguit Daarna.

235 Nou, ek is 'n totale vreemdeling vir hierdie vrou. Ek ken haar nie. En ek twyfel sterk of sy my ken, net te sien buite in die diens. Dis al. Maar as God my iets kan sê oor jou, of iets soos net 'n oomblik gelede, sal jy glo dat ek Sy profeet, Sy dienaar is? Sal jy dit glo met jou hele hart? Wel, mag Hy dit skenk. Jy is, jy wag vir 'n operasie, en daardie operasie is in jou hand. Daar is geen plekke op hulle nie, maar dis 'n senuweetoestand in jou hand. Dit is veroorsaak deur 'n ongeluk, en jy's veronderstel om op geopereer te word. Glo jy, en jy sal nie, op geopereer hoef te word, as jy dit net met jou hele hart sal glo nie! Kom, nou. Glo jy sy belofte? [Die suster sê: "Ja, meneer."—Red.] Ja.

236 Hê nou net geloof. Moet net nie twyfel nie. Glo net. Nou, hier, laat nog hierdie een vrou, want hierdie vrou is in 'n kritieke toestand. Sien julle daardie swart skaduwee? Hoeveel het al ooit die foto gesien wat geneem is van daardie swart

skaduwee van die dood? Dit hang net nou oor die vrou. As God haar nie help nie, kan sy nie lewe nie. Sy het 'n gewas. [Die suster sê: "Ja!"—Red.] En die gewas is in die brein. ["Ja!"] Uh-huh. Uh-huh. Uh-huh.

237 Dierbare God, as U nou so naby teenwoordig is, wat al hierdie dinge weet, bid ek, Dierbare God, dat U ons suster sal genees. Laat haar lewe, Vader, tot U eer. Ek vra dit in Jesus Christus se Naam. Amen.

238 Aangename kennis? Jy's 'n baie gawe persoon. As moeder sou gelewe het, sou sy omtrent jou ouderdom gewees het, veronderstel ek. Sy's in Heerlikheid, vanaand. Sy sou altyd vir my bid wanneer ek na die diens sou gaan. Ek het gesê vir die Here. . . [Die suster sê: "Ek is vyf-en-tagtig."—Red.] Mevrou? ["Ek's vyf-en-tagtig."] Vyf-en-tagtig jaar oud. Seën jou hart, suster.

239 Nou, ek's 'n totale vreemdeling vir jou, veronderstel ek. Ons is jare verskil in ons ouderdom. En ek ken jou nie. Ek het jou nog nooit gesien nie. Ons is net twee mense wat hier op aarde ontmoet, maar jy is 'n Christen. Jy is 'n gelowige. Want, die rede wat ek dit weet, is die gevoel van jou gees. Jy's, jy het my verwelkom, sien. En ek glo wel dat dit die Heilige Gees is, want dit gee die werke en aksies van die Heilige Gees. Sien? En ek weet Dis Hy. Ek weet hierdie dinge waarvan ons praat is waar. Nou, ek weet dis die waarheid.

240 Nou, ek weet nie wat verkeerd sou wees nie. Maar as die Here Jesus aan my sou openbaar wat verkeerd sou wees met jou, sou. . . sou jy weet of dit reg of verkeerd was, of vir my iets vertel wat jy gedoen het, of nie behoort te gedoen het nie. Sou jy glo dit was dieselfde Here Jesus, selfde God wat vir Filippus kon vertel waar hy was, vir Simon vertel het wat sy naam was? Glo jy dat Hy dieselfde Een is?

241 Jou probleem is 'n ingewandsprobleem. [Die suster sê: "Presies."] Dis presies. Is dit nie reg nie? ["Ja, meneer."—Red.] Glo jy nou dat ek Sy profeet is? Jou naam is Mev. Bayer, Mev. Bayer; Bayer, soos Bayer aspirien. Dis reg. Jy's genees. Gaan voort, Jesus Christus maak jou gesond. God seën jou.

242 Glo jy met jou hele. . . Nou as jy net geloof het, moenie twyfel nie!

243 Nou, jy's nie eintlik hier vir jouself nie. Jy's hier vir iemand anders. Dis 'n man, en hy's nie hier nie, 'n broer. Daardie broer is in 'n sielsieke gestig. Neem daardie sakdoek wat jy het in jou hand, terwyl die Gees op jou is, stuur dit na hom. Sit dit op hom, moenie twyfel nie, hy sal uit die gestig kom en gesond wees. Glo jy dit? God seën jou.

244 Jy sê dat: "Jy gesê het: 'Daardie Engel, in die laaste dag daar, Hy Sy rug gedraai het.' Wel, jy kyk."

245 Sal nie kyk na hierdie vrou nie. Ek draai my rug. Nou, dame, die een wat die pasiënt is, kan jy my hoor, sê "ja." [Die suster sê: "Ja."—Red.] As die Here Jesus aan my sal openbaar wat jou probleem is, wanneer ek hiernatoe kyk, sal jy weet of dit die waarheid is of nie. Is dit reg? Glo jy dan dit is om te vervul wat Jesus gesê het: "Dit sal gedoen word in die laaste dae, soos wat dit was in die dae van Sodom"? Sal jy dit glo? Jy het 'n dames ongesteldheid, 'n vroueprobleem. Glo jy nou met jou hele hart, dit sal jou verlaat en jy kan huis toe gaan en gesond word. God seën jou.

"As jy kan glo!"

246 Glo jy God sal daardie hartprobleem genees? Wel, hou net aan stap, sê: "Dank U, Here!" Glo!

247 Staan op in die oggend, kan skaars beweeg. Artritis is 'n slegte ding, maar Jesus Christus is die Geneesheer van artritis. Glo jy dit? Jy trap van 'n sypaadjie af, sywaarts, in die afgaan. Ek sien jy doen dit. Jy hoef dit nie meer te doen, as jy sal glo nie. Glo jy ek is gestuur vir hierdie doel? [Die suster sê: "Ek glo."—Red.] Dan, in die Naam van Jesus Christus, mag dit haar verlaat. Amen.

248 Jy het maagprobleme. Glo jy dat God jou sal laat huis toe gaan, jou aandete eet, goed voel daaroor? Gaan op jou pad, eet jou aandete, glo en jy sal goed voel.

249 Jy het 'n swakheid wat oor jou kom, dis reg, want jou hart is sleg. Dis reg. Jy het dit nou nie meer nie. Gaan, glo dit.

250 Wat as ek nie een woord vir jou gesê het nie, net hande op jou gelê het, sou jy my ook glo, dat jy sou gesond word? Kom hiernatoe.

251 Dierbare Hemelse Vader, ek bid dat U die vrou sal genees, en haar sal gesond maak, deur Jesus Christus se Naam. Amen.

252 Hoeveel mense hier glo, hoeveel van julle nuwelinge, al julle mense?

253 Dink net, en ek kan skaars die mense nou sien kom. Onthou net, een visioen het die Here Jesus laat swak word. Hoeveel weet dit? Een vrou het Hom aangeraak. Daniël het 'n gesig gesien, en was ontsteld in sy gemoed, sy kop, vir 'n paar dae. Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien? Goed.

254 Nou hoeveel van julle mense glo dit, dat hierdie die Heilige Gees is? Glo julle dit met julle hele. . . Nie ek, nou nie. Die Heilige Gees! Nou hier is 'n man wat hier sit, wat dit ook glo.

255 Nou party, nou nog 'n paar van julle mense wat daardie gebedskaarte het, ek wil hê almal wat in hierdie gebedsry gaan wees, moet op julle voete staan net 'n oomblik.

256 Kyk, ek wil julle 'n ernstige vraag vra. Het julle al julle sondes bely wat daar is? Glo julle? Het julle bely, en julle—julle

glo dat julle genees gaan word? Julle het al julle sondes bely en al die verkeerde reggemaak? Steek julle hande op, as julle het, voor God, julle dit glo.

257 En nou met julle hande op, ook, glo julle dit neem die Heilige Gees, en hierdie is die Heilige Gees wat net Homself onder julle bevestig? Glo julle dit met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Julle glo? Dan kan elkeen van julle genees word.

258 Nou het julle geloof en vertroue in hierdie predikers wat hier sit? Glo julle daardie manne, ook? Wat van as ons vir julle bid, elkeen, en julle dan laat verbykom, en hande op julle lê.

259 Hierdie maak my so swak. Dit wat net aangaan soos daardie, dit kry my net—net.

260 En ek—ek gaan na Suid-Afrika hierna. Want, o, goeiste, julle weet hoe dit daaronder is waar jy nie eens met die mense kan praat nie. En daar sou wees. . . Ons verwag ten minste driehonderdduisend, een enkele diens.

261 So glo julle net! Julle is hier in Amerika, julle het Dit deur en deur gesien.

262 Dierbare God, hierdie mense is behoeftig. En ek weet nie van enigiets anders wat U kon doen, Vader, om vir hulle te bewys deur U Woord, dat U die onveranderlike God is nie. Ek glo dat ons soveel groot dinge gesien het, Here, en geëet het van U tafel, met sulke tere, wonderlike Ewige Voedsel van die Lewe, totdat ons geword het. . . en te gewoond geraak het Daaraan. Dit—dit word 'n alledaagse ding. Ons is nie, ons benader Dit nie reg, Here, wanneer ons sien nie. Selfs ek dink aan myself wat hier staan, ek behoort op my knieë te wees, in die wete dat net hier daardie Gees wat Hom uit die dood opgerig het, net hier staan. Die Gees wat op Hom was toe Hy hier op aarde gelewe het, is net hier nou. En ons, arme onwaardige sondaars, deur Sy genade en barmhartigheid, Hy ons lewens gekoop het. En hier is ons, vandag, wat voortgaan met Sy werk, soos Hy gesê het, ons Sy werk sou voortsit. "Die werke wat Ek doen sal julle ook doen." Hierdie dinge belowe het en hulle bewys het, hier in hierdie wêreld! Here, ek is so dankbaar teenoor U, dat ek as 'n deel van U mense getel kan word, in hierdie laaste dag.

263 Dierbare God, hierdie mense staan. Hulle is siek, Vader. Ek het geen manier om hulle te genees nie. En ook het U nie nou nie, U het hulle alreeds genees. Vir ons oortredinge is U deurboor, deur U wonde het daar vir ons genesing gekom. So, Vader, ek bid dat elkeen van hulle wat hier deurgaan, wanneer ons vir hulle gaan bid, dat hulle sal kom asof hulle nou onderdeur die kruis loop. Want hulle weet, sonder 'n sweempie twyfel, die bevestigde Heilige Gees is hier op die platvorm. Die Christus van God is reg in die diens. Vergewe elke sonde. Neem

elke ongeloof weg. En mag elkeen van hulle genees word soos hulle deur hierdie ry gaan. In die Naam van Jesus Christus, vra ek dit. Amen.

264 [’n Broer sê: “Broer Branham, as ons almal kan laat sit, en een seksie op ’n keer neem, op daardie manier sal hulle nie saamdrom nie.”—Red.] Ja. Goed.

265 Nou wil ek iets vra. Sal julle, my broers, hier staan saam met my?

266 Julle sien, hier is een ding daaroor. Baie evangeliste gaan in ’n stad in, en hulle doen al die gebed vir die siekes, en al die res daarvan. En wanneer die gemeente, wanneer dit weg is, is die—die—die mense net gebou rondom die evangelis, sien. Dit is nie so nie, mense. Hierdie manne, ek twyfel enigiemand in hierdie eeu. . .Ek weet dit, daar is baie nabootsing, maar ek gaan nie sê wat ek wou nie. Maar hierdie manne mag dit dalk nie doen nie, dis waar, en ek betwyfel dit baie sterk.

267 Maar hulle is net so verordineer deur God, om hande op die siekes te lê, as ek of enigiemand anders. God sal net soveel hulle gebed beantwoord, as wat Hy enige gebed sou wat daar is. Jesus het opdrag gegee: “Hierdie tekens,” het nie gesê sal William Branham, Oral Roberts, sovoorts, volg nie: “dit sal hulle wat glo volg.” En hierdie manne is gevul met God se Gees. Hulle is gedoopte mense, met dieselfde Heilige Gees. Daardie Gees wat hier daardie werk gedoen het net ’n paar oomblikke gelede, Hy is steeds hier. Hy is op elkeen van hierdie manne, sien, en hulle is almal gevul Daarmee. So ek gaan vir hulle vra om ’n dubbele lyn hierlangs te maak, aan die kante van hierdie ry hier, as hulle sal, sodat hulle, ook, hulle hande op die siekes kan lê, soos hulle deurgaan.

268 En hulle wil hê diegene met gebedskaarte moet staan, net gebedskaarte, om buite in die paadjie te staan. En die res van julle bid, net ’n paar minute nou. Staan, in elke seksie, staan net reguit uit na julle linkerkant van julle seksie. Staan uit, in julle seksie, en dan sal hulle julle net roep. Wanneer julle sien hierdie lyn hierbo eindig, laat *hierdie* lyn reg daar instap. Wanneer *hierdie* lyn eindig, laat *hierdie* een daar instap.

269 En wanneer jy nou verbykom, onthou, jy sal net ’n wandeling neem behalwe as jy glo. Hoeveel van julle weet, julle voel net in julle hart, dat julle deurgebid het hieroor, en julle gaan genees word sodra julle deur hierdie ry gaan? Steek jou hand op, sê: “Ek aanvaar dit, Christus, net nou, net omdat U hierdie dinge beveel het.”

270 Nou ek bid vir elkeen van julle. Ons gaan bid. Ek gaan vir Suster Rose, of wie ook al, by die orrel daar oorkant is, Suster Rose, sal jy asseblief speel, *Die Groot Geneesheer Is Naby*, vir ons. En laat die mense, al die ander mense, in gebed wees.

En soos hulle deur hierdie gebedsry gaan, glo ek elkeen gaan genees word. God seën julle. Die res van julle, buig nou julle hoofde, en bid vir andere.

271 Wees baie opreg. Sien, dis hoe daardie klein Baptiste predikertjie die Heilige Gees gekry het, nou die aand. Hy het daaraan gedink, net daar gesit, baie opreg, en dit het op die hele groep van hulle geval. Jy moet opreg wees met God.

272 Nou Hy het bewys Hy is hier met julle. Hy is hier. Nou wanneer enigiemand vir julle sê dat hierdie net 'n klomp opgewondenheid is, weet julle nou beter, nie waar nie, julle nuwelinge? Hy het Homself bevestig, dis Hy. En niemand anders kon dit doen nie. Hierdie is nie gedoen sedert die dae van die apostels nie. Dit het net nou teruggekom in die kerk, soos wat belowe is. Die Here seën julle nou.

273 Nou, julle mense, soos julle deur hierdie ry gaan, kom, bid. Almal nou: "Die—die groot Geneesheer is naby, die simpatieke Jesus." Nou wanneer julle kom, kom met julle hoofde gebuig, in eerbied. Gaan verby. Hierdie manne wat hande op julle lê, sal julle genees word. [Leë kol op band—Red.]

. . .-ste noot in séraf's . . .

. . .?. . .Dis goed. Môre-aand . . .?. . .

274 [Leë kol op band—Red.]. . .?. . .ding. Maar, net 'n eenvoudige ding om te gehoorsaam wat God gesê het om te doen. Ek het dit soveel keer gesien gebeur. Sien, die Skrif het ons nie eens beveel om vir die mense te bid nie, dit het net gesê: "Lê die hande op die siekes, hulle sal gesond word."

275 Net onlangs, o, dis . . .Ek sê nie onlangs nie. Die geval was op my gedagte nou. Dit was omtrent drie of vier jaar gelede, of meer. Ons was net hier in Kalifornië. Twee vroue het daar verbygekom, een van hulle het 'n—'n—'n vergroeisel op haar gesig gehad, en die ander een het 'n maagprobleem gehad. En hulle het dit net so geglo. Ek het hande op hulle gelê, en gesê: "Nou, ek doen dit in die Naam van die Here Jesus."

276 Dit was amper 'n maand later. Daardie dame het probeer eet, met die maagprobleme, sy kon dit net nie doen nie. Een oggend: "het 'n baie koel gevoel" oor haar gegaan, het sy gesê, en sy het begin eet. En sy het afgehardloop om haar buurvrou te sê, en haar buurvrou het die lakens geskud, soos *daardie*, om die vergroeisel te probeer vind wat van haar gesig afgeval het daardie nag.

277 Sien, glo net, vriende. As Hy dit vir een doen, sal Hy dit vir almal doen. En dis net 'n eenvoudige ding om hande op te lê. En dis wat Hy gesê het om te doen. Ons weet nie hoe dit werk nie. Ek weet nie hoe dit werk nie. Dis net Sy belofte. Hy

het gesê dit sou dit doen. En ek het tiene van duisende, om die wêreld, gevind, hulle raak net gesond. God het belowe om dit te doen, en dis Sy belofte. Sien, ons glo dit net.

278 Nou, ons kom almal hiernatoe. En julle wat nie kon kom nie, beweeg nader nou, en ons gaan kom om vir julle te bid. Nou wil ek hê elkeen van julle manne moet reg hierlangs gaan, lê julle hande daarin, as julle sal, net daarlangs. En ek wil hier staan en bid, en dan my hande op hulle kom lê, ook. Goed, gaan reguit daarin. Kom julle almal nader, sodat almal nou kan bykom.

279 Dierbare God, in Jesus Christus se Naam, bid ons vir hierdie mense, party van hulle is beproef, kreupel. Daardie hande van daardie predikers, Here, gaan heen-en-weer van die een na die ander. Ek bid dat U elkeen van hulle sal genees, Here. Laat die Heilige Gees kom op daardie mense, elkeen van hulle, Vader. En mag die groot Krag van God hulle net nou oorskadu, en mag hulle huis toe gaan en gesond wees. In die wete, dat Jesus gesê het: "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." U het dit belowe, Dierbare God. Ons glo dit. Ons glo dit, want U het so gesê en ons weet dat dit so is, so sal hierdie mense gesond word. In die Naam van die Here Jesus Christus, seën ek hulle almal. Amen.

280 God seën julle. [Broer Branham en predikers lê hande op die siekes en bid vir die mense. Leë kol op band—Red.]

281 My hart aanvaar genesing vir elkeen van julle. Ek glo dit. Sal julle dit saam met my glo, elkeen van julle nou? Dis al. Ek het vir julle die waarheid vertel, net sover as wat ek dit weet. Ek het julle lief, en God seën julle. En ek—ek glo, met my hele hart, julle gaan gesond word. En mag my seëninge met elkeen van julle wees nou. Mag God oor julle waak en julle beskerm. Julle is in my gebede. Sal julle vir my bid terwyl ek so in Afrika is? Ek—ek het julle lief. En ek sal julle môre-aand sien.

*Verander God Sy Gedagte?* AFR65-0427
(Does God Change His Mind?)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Dinsdagaand, 27 April 1965, by die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale konvensie by die Embassy Hotel in Los Angeles, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org